PDA-0001-0002-003

**Beeldende kuns** Beeld 21 06 86

# Die grondvorms benut

deur ELZA MILES

**DANIEL PHALADI & RICHARD MABASO. In die FUBA-sentrum, Fuba-Kunssaal, Wolhutherstraat 66, Newtown, Johannesburg. Tel. (011) 834-7125. Tot môre.**

DANIEL PHALADI benut die ruimtelike moontlikhede wat 'n kiaatbalk of 'n kweperlat hom bied. Hy pas sy figure binne sulke grondvorms aan en in *Xhosa woman* is dit 'n belewenis om te sien hoe hy die kromming in die hout aanwend vir 'n drie-dimensionale vertolking van die figuur. 'n Silindriese grondvorm kenmerk sy beelde.

Slegs in *Crippled dancer* verken hy die stam met sy mik en vertakkings. In die stuk sluit hy aan by Phatuma Seoka se uitbeeldings van bewegende figure. In die kreupel danser boei Phaladi se ontginning van gevonde materiaal: die korter tak word self die onthullende verminking. (Soos deur Seoka word die natuurlike opwaartse groei van die boom omgedraai: die vertakkings draai grond toe en is dan mense.)

Phaladi is 'n tuinier en hy gebruik die gesnoeide tak of afgesaagde stam om aan te sluit by die mens en sy lot. So verander die dun lat uit 'n kweperlaning in 'n beeld van sowel droogte as lyding: *Cholera.*

Die siek man probeer tevergeefs die naarheid en krampe wat sy liggaam teister, stil. Die nutteloosheid van dié gevare vul die ekspressiwiteit van die verlengde figuur aan en lê die nadruk op die silindriese grondvorm van die hout.

Phaladi se vertolking van die ma-en-kind-tema belig twee teenstellende aspekte van moederskap: sorgsaamheid en vernietiging. In die een geval (no. 5) is sy 'n stut/stam vir die kind om teen op te klim. In die ander geval verberg sy haar gesig met 'n vorgrote hand sodat slegs haar mond sigbaar is. Tydens hongersnood kan sy óók nie voorsien nie. Dié genadelose siening hou verband met die werklikheid.

Phaladi gebruik toebehore soos halssnoere (krale, been en gekleurde rubber) vir bykomstige kleur in sy beelde. Op die manier kry hulle ekstra warmte en menslikheid.

Richard Mabaso is die seun van 'n hoofman, maar hy verkies dit om te skilder. Reeds op 'n vroeë ouderdom leer hy die verskrikkinge van 'n daaglikse bestaan in Alexandra ken. Hy artikuleer dié vrese van die enkeling onder sulke omstandighede in terme van kleur en kwashaal (vergelyk sy twee vertolkings van *Fear in the City*).

Amper humoristies, maar nie minder gerusstellend nie, as *Fear in the City* is *Laughing Mercedes.* Die motor word 'n kleurryke, afstootlike mens: Enjinkap, windskerm en vensters verander in 'n selfgenoegsame gesig. (Hoe anders verklaar 'n mens so 'n bril?)

In sy *Selfportrait* gee Mabaso drie vertolkings van die self: elke keer in 'n ander hemp/trui. Sy gesig bly agter dieselfde en behou 'n onpeilbare geslotenheid. Dié terughoudenheid vind weerklank in die ingehoue palet: pers, blou en bruin met 'n kontrasterende rooswit. In die agtergrond "klop" die ondersteunende siermotiewe 'n afgemete ritme vir die drie portrette af.

Die werk van die beeldhouer vul op hierdie tentoonstelling dié van die skilder goed aan en elke stuk onthul iets van 'n ryk, geskakeerde en vol lewe.



CECIL HIGGS... "Haar individualiteit as skilder en betrokkenheid by die skildermedium sal steeds 'n voorbeeld bly vir die enkeling. Haar kuns bevestig die individu se reg op 'n eie siening."

**Beeldende kuns** Beeld 28/06/86

# Betekenis vir vandag

deur ELZA MILES

**KUNS OP PAPIER. By die Johannesburg kunsstigting, Eastwoldweg 6, Saxonwold, Johannesburg. Tel: (011) 646-1358/0839. Tot Saterdag.**

14 Junie Thandis Mandipa

KUNS OP PAPIER is 'n groeptentoonstelling waaraan sowel "onbekende" as gevestigde kunstenaars deelneem. Onder die nuwelinge is Sarie Steenkamp en Sholto Ainslie. Nie een van die twee se werk is ondergeskik aan die van bekendes soos Nel Erasmus, Dirk Meerkotter of Bill Ainslie nie.

So met die deurkyk van die ten toon gestelde stukke, besef 'n mens dat daar werk is wat voorheen in Johannesburg vertoon is. 'n Mens herken Nel Erasmus se perdewedren-stukke en Lisa Roetger se papierpoppe.

Steenkamp lewer kommentaar in *She Moved* op die bekende skilder-en-model tema. Die kunstenaar word nie uitgebeeld nie, maar in die titel verklaar sy hoekom die naakfiguur "drie" koppe het.

William Kentridge sien die kruisvaart van die heilige Johanna in *St Joan* in terme van eietydse tekens: 'n huislig uithangbord vir 'n viswinkel en die onderstel van 'n kruiwa. So behou haar optrede steeds betekenis vir vandag.

Margaret Roestorf verdiep in *Dark Houses* haar aanvanklike verkenning van Maraisburg. Die vermoorde kluisenaar se sinkhuis neem nou obsessionele afmetings aan. Verlede jaar het sy in die Carriage House 'n ekspressiewe "portret" daarvan ten toongestel. Nou word die kyker bewus van meer "donker" wonings in 'n buurt en die vreemde geeste wat daarmee geassosieer word.

Heilige koeie van die eietydse skilderkuns word deur David Roussouw *(Icarus looking for Malevich)* en Jill Cargil *(Kokoshka)* in 'n ander lig gestel. Die neergestorte Icarus besef nie dat hy in Malevich se vierkante vasgevang is nie!

David Koloane omskep die gang van kryt op papier in ligte bokspronge *(Pranscience)* en Phillipa Hobbs speel in *Muse II* met die viermaat wat in die vierletterwoord: muse, opgesluit is. Omtrent elke beeld in dié ets demonstreer so 'n ritmisering.

1986 September 1986
3 1 2 3 4 5 6 7
10 8 9 10 11 12 13 14
17 15 16 17 18 19 20 21
24 22 23 24 25 26 27 28
31 29 30
1987 Maart 1987
1 30 31 1
8 2 3 4 5 6 7 8
15 9 10 11 12 13 14 15
22 16 17 18 19 20 21 22
23 24 25 26 27 28 29
S S M D W D V S S